# ONTIESE REG EN DIE REGSIDEE

A.W.G. RAATH

FAKULTEIT REGTE, UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT, Posbus 339, Bloemfontein.

**ABSTRACT**

This article deals with H Dooyeweerd's views on the jural idea. As such It also investigates L. M. du Plessis's criticism of Dooyeweerd's theory. H. G. Stoker's views on the "order of creation" and the "order of the fall of man and the redemption In Christ Jesus" are subsequently investigated. It Is concluded that apart from the jural Idea (accordlng to the cosmic dimension of modalities) a more embracing view of the law is needed. The "Philosophy of the Idea of Creation's" recognition of the ontic law according to the order of creation, provides us with a more embracing view of law and justice. The recognition of a cosmic dimension of events, in this regard, also provides avenues worthy of exploration for the jural science.

## Inleiding

Een van die moeilikste vraagstukke op die terrein van die wetenskap betref die vraag wat die maatstaf is waarvolgens vasgestel kan word wat die positiewe reg behoort te wees. Ander vraagstukke wat hiermee in verband staan, is hoe die bestaande positiewe reg uitgebou, verfyn en ontwikkel kan word; op welke wyse onreg bestry kan word; hoe skynreg geïdentifiseer kan word en hoe skynreg positief omgevorm kan word. Voorts kan ook gevra word of onreg en skynreg 'n positiewe gelding het al dan nie, ensovoorts. Vanuit verskillende wysgerige strominge word uiteenlopende antwoorde op hierdie en dergelike vrae verstrek. Onder die Calvinistiese regsteorieë was veral die Wysbegeerte van die Wetsidee besonder invloedryk. Dit was veral die regsteorie van Herman Dooyeweerd, wat in hierdie verband 'n reusebydrae tot beter insig in hierdie problematiek gelewer het. Vanuit die Wysbegeerte van die Skeppingsidee was dit tot op hede by uitstek H.G. Stoker wat 'n waardevolle bydrae in hierdie verband gelewer het. In hierdie artikel word na sowel die standpunte van Dooyeweerd as Stoker en die bydrae deur hulle gelewer gekyk.

## Die regsidee volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee : H. Dooyeweerd

Volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee bied die regsbegrip 'n beeld van die reg soos dit is. Die regsidee daarenteen, het te make met die reg soos dit behoort te wees. Die regsidee behels die beginsels waaraan die reg behoort te beantwoord: dit dien as maatstaf van wat die reg behoort te wees; dit stel 'n norm daar vir 'n waardeoordeel ten aansien van die reg (Van Zyl en Van der Vyver, 1982:110) Hiermee is in 'n neutedop gesê wat die regsidee behels.

Die kriterium vir die onderskeid tussen die regsbegrip en regsidee lê daarin dat die antesiperende sinmomente in 'n modale konteks, anders as die retrosiperende sinmomente, geen konstitutiewe funksie ten opsigte van die juridiese aspek vervul nie maar slegs 'n regulatiewe funksie (vgl.

Hommes, 1961:229). Wat die regsidee betref, kom die Wetsidee voorts tot die volgende belangwekkende gevolgtrekkings: #

(a) Die regsbegrip weerspieël wat die reg is. Die regsidee daarenteen rig die konstitutiewe struktuurmomente op die juridiese superstraatkringe en finaliter op die botydelike worteleenheid, naamlik Jesus Christus.

(b) Die regsidee realiseer hom antesiperend vanuit die juridiese aspek na die etiese en pistiese aspekte en finaliter na die botydelike sintotaliteit en Oorsprong van alle sin.

(c) Die antesipasie vanuit die juridiese aspek impliseer 'n menslike vormingswil wat sy ontstaan in die historiese aspek vind.

(d) Die historiese dien as funderingsfunksie vir die ontsluitingsproses, terwyl geloof (in pistiese sin) aan hierdie antesipasieproses leiding gee. Die feit dat die geloof (in pistiese sin) in hierdie verband 'n deurslaggewende rol vervul, verklaar Dooyeweerd (1969, II:127) deur middel van die feit dat die geloofsaspek sy "...boventijdelijke voeding ontvangt uit den religieuzen wortel van het menschengeslacht in de onverzoenlijke antithese tusschen Civitas Dei en Civitas terrenae".

(e) Die rol van historiese dinamiek in regsvorming behels, volgens Dooyeweerd (1969, II:135), dat regsbeginsels deur die menslike (historiese) vormingswil tot regsnorme omgevorm word. Waar die regsbegrip as sodanig relatief star is, word die regsidee deur die dinamika daarvan gekenmerk. Dit is "... een voortschrijdende, dynamische gedachte, die in hare ontwikkeling stap voor stap is gebonden aan de geschiedontwikkeling" (Dooyeweerd, 1969, II:135).

(f) Volgens Dooyeweerd (vgl. 1969 II:128, 129) behoort die historiese tot 'n wetskring (modaliteit) met 'n eie wet- en subjeksy en met beskawingsontwikkeling as die sinkern van die wetskring. Die sinkern van die historiese kan slegs in samehang met die retrosiperende modale analogieë begryp word (Dooyeweerd, 1969, II:130-132).

(g) Volgens Dooyeweerd (1969 II:135,136) is die beskwawingsontwikkelende ontsluitingsproses in die regsleer 'n voorwaarde vir 'n antesiperende rigtingsaktiwiteit van die (starre) regsin op die sinvolheid van die koninkryk van God in Jesus Christus en op die nuwe botydelike, religieuse gemeenskap van die mensheid.

(h) Die regsidee kan nooit los van sy samehang met die historiese substraat gehanteer word nie: alle menslike reg is "(n)aar de zinvolheid der gerechtigheid gemeten ... in hoge mate gebrekkig" (Dooyeweerd, 1969, II:136). Hiervan verklaar L.M. du Plessis (1978:548) soos volg: "Daarom openbaar die regsidee 'n noodwendige tweespalt : (a) in sy rigting op die religieuse sinvolheid van geregtigheid moet hy oor iedere aardse regsorde die oordeel van onvolmaaktheid vel; (b) in sy (modale) funksie binne die kosmiese tydsorde moet hy egter die van God gegewe kosmiese orde erken, welke orde dit onmoontlik maak dat die ontsluiting van die regsin los van die substraat van historiese ontwikkeling gesien kan word. Die tweespalt tussen 'idee' (en die aan die skeppingsorde georiënteerde) 'praktyk' ontstaan as gevolg van die sonde - en is nie deur God in die skeppingsorde so gewil nie- soos Christus se uitspraak oor die (juridiese) veroorlowing van die skeibrief deur Moses (Matteüs 19:8) duidelik aantoon".

.(i) Die juridiese aspek toon in ontsluitende sin 'n antesiperende verband met die etiese en pistiese aspekte van die tydelike werklikheid.

Wat die etiese betref, stel Dooyeweerd (1969, II:143-150) dat die reg nie in die etiek nie en die etiek nie in die reg mag opgaan nie: sowel reg as etiek behou hulle soewereiniteit in eie kring; beide is van mekaar te onderskei. Dooyeweerd (1969 II:152) noem hier eksplisiet die voorbeeld van billikheid in die illustrasie van die reg-etiekverband. Volgens Dooyeweerd (1969 II:163) verg alle regsbeginsels individualisering in konkrete gevalle; billikheid (en so ook die algemene regsekerheid) verg individualisering in elke konkrete geval. Volgens Dooyeweerd verdiep billikheid nou regsekerheid eties-antesiperend. Billikheid is egter geen uitsondering op regsekerheid nie maar regsekerheid in sy ontslote funksie (vgl. Du Toit, 1975:81 e.v.).

Wat die juridiese antesipasie na die pistiese betref, verklaar Dooyeweerd, ontsluit die geloofsfunksie hom as die "hoogste" wetskring nie na 'n volgende wetskring nie maar in die rigting van die botydelike religieuse sinvolheid. Die pistiese kan egter wel as basis vir 'n sinsverdieping en -ontsluiting maar &ook vir geloofsafval met betrekking tot die ander veertien wetskringe dien.

L.M. du Plessis se kritiek teen Dooyeweerd se opvatting van die regsidee

Van Dooyeweerd se wysgerige sisteem verklaar Du Plessis (1978:566): "Juis wanneer 'n mens bepaalde momente in (veral) Dooyeweerd se omvattende wysgerige sisteem krities weeg, ontlok die skerpsinnigheid van hierdie briljante denker bewondering - bewondering nie alleen vir sy wetenskaplike vernuf nie, maar ook vir die heel konsekwente wyse waarop hy bepaalde Christelik Reformatoriese temas tot in die aller roersele van sy teoretiese besinning wil laat deurbring". Deurgaans onder die besef van die geweldige bydrae van Dooyeweerd tot die Christelik-Reformatoriese tradisie oefen Du Plessis (1978:566-596) baie geldige kritiek teen Dooyeweerd se geregtigheidsopvatting en sy teorie insake die regsidee uit. Die hoofbesware van Du Plessis kan onder die volgende vier aspekte saamgevat word:

(i) Dit word in beginsel ontken dat oor die Oorsprong(e) van die geregtigheidsidee gefilosofeer mag word. In die praktyk filosofeer Dooyeweerd tog wel hieroor. Dit gaan egter gepaard met 'n ongenuanseerde en eksegeties onverantwoorde gebruik van die Bybel (1978:596). Die probleem wat Du Plessis (1978:568) hier aansny, is die wyse waarop Dooyeweerd die Skrif gebruik, enigsins verdag. Hierin sluit Du Plessis (1978:571) ook by Van Peursen (1959:167) aan. Volgens Van Peursen (en Du Plessis) filosofeer Dooyeweerd uitvoerig oor aangeleenthede waaroor daar volgens hom (Dooyeweerd) nie (wetenskplik-teoreties) gefilosofeer mag word nie; hy gebruik in 'n wetenskaplike indirekte sin (via deduksie en abstraksie) die Bybel, wat volgens hom nie intra-wetenskaplik gebruik mag word nie.

Du Plessis (1978;568) se argument het die volgende strekking: die ware Oorsprong van geregtigheid (qua idee) kan nie teoretie geken (dit is begripsmatig gevat) word nie. Die tyd vervul in hierdie verband 'n deurslaggewende grensfunksie: word die tydsgrens oorgesteek, is teoreties-begripsmatige besinning onmoontlik. Die in-die-hart-gegrepenheid van die mens (deur die Woord van God en onder leiding van die Heilige Gees) kan gevolglik slegs in ideële terme benader word. Om hierdie rede beklemtoon Dooyeweerd (1960:102) dit dat 'n mens jou nie op Bybeltekste kan/mag beroep om jou wysgerige grondkonsepsies of -ideë te staaf nie: teologiese dogmatiek kan nooit as bronne van die religie beskou word nie. Die Woord van God kry 'n greep op die hart van die mens, en daardeur word die mens se sig op die werklikheid bepaal. Volgens Du Plessis (1978:569) is beroep op Bybeltekste egter nie geheel en al vreemd aan Dooyeweerd se (metode van) wetenskaplike (veral wysgerige) teorievorming nie.

Du Plessis se kritiek is nie heeltemal geregverdig nie. Die uitgangspunt wat hy Dooyeweerd in die mond lê, is min of meer die volgende: die wetenskaplike behoort met die besondere gegewens (bv. feite) te begin en vanuit die ondersoek van hulle tot algemene en omvattende teorieë te kom, en - bewus van die grense van wetenskaplike kennis - behoort hy wat anderkant die grense lê (wo. Skrifwaarhede), aan geloof en lewens- en wêreldbeskouing oor te laat. Die met die genoemde "grens" beoogde onderskeid tussen wetenskap en voorwetenskaplike kennis word deur Dooyeweerd (en Stoker) aanvaar (vgl. Stoker, 1969:141). By sowel Dooyeweerd as Stoker word geen dualisme, wat die grens as skeidslyn tussen die twee tipes kennis sien, onderskryf nie. Die waarheid is 'n eenheid (Stoker, 1969: 141). Die algemene teorieë herberg implisiet prinsipiële veronderstellings wat met die voorwetenskaplike kennis saamhang en wat die besondere gegewens in die lig van die veronderstellings laat sien. Dit blyk ook daaruit dat met betrekking tot aanvaarding van die besondere gegewens tussen wetenskaplikes selfs 'n maksimale ooreenstemming bestaan maar dat met betrekking

tot algemene en omvattende beskouings skole in die wetenskap ontstaan.

Aan die ander kant speel voorwetenskaplike (insluitende religieuse) veronderstellings reeds by die aanvang van wetenskapsvorming hulle rol (vgl. Stoker, 969:141).

In sy kritiek teen Dooyeweerd probeer Du Plessis (1978:572) die dualisme wat hy Dooyeweerd ten laste lê, oorbrug deur die eenheid van die waarheid op sowel voorwetenskaplike as wetenskaplike terrein met 'n ooglopende stukkie rasionalisme regverdig. Du Plessis wil selfs die mens se rede op voorwetenskaplike terrein 'n rol laat speel: "As 'n mens jou geloof wetenskaplik kan ken - al is dit bloot 'n ideële of benaderde kenne - dan moet jy ook wetenskaplik oor die geskrewe Bybel as een van die bronne van daardie kennis kan nadink. Die Heilige Gees lê immers nie op 'n mens se hart anders as deur medium van die geskrewe (en veral gepredikte) Woord in die Bybel beslag nie" (1978:572). Hiermee negeer Du Plessis die grens tussen die voorwetenskaplike en die wetenskaplike kenne.

(ii) Die noodsaak vir die bestaan van 'n modale hiërargie verval vir sover dit die geregtigheidsdenke betref. Geregtigheid kan nie onder leiding van die modale superstrate van die juridiese aspek ontsluitend verwesenlik word nie (Du Plessis, 1978:596). Met verwysing na die straf-volgens-skuldprinsipe verloop Du Plessis se argument soos volg: Die skuldbeginsel realiseer hom - ingevolge die Wysbegeerte van die Wetsidee-teorie oor die regsidee - wanneer die regsaspek ontsluitend (of verdiepend) die etiese prinsipes grondliggend aan die regsfiguur straf-na-skuld antesipeer. In 'n primitiewe regsorde ontbreek hierdie antesipasie geheel en al, en daarom geld die regsfiguur, Erfolghaftung, in plaas van straf-na-skuld. In die een stadium van historiese ontwikkeling kan die antesipasie ontbreek en in 'n ander stadium is dit teenwoordig.

Du Plessis se kritiek is in 'n mate misplaas: volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee rus 'n onontwikkelde regstelsel swaar op die

historiese magsubstraat. In meer ontwikkelde regstelsels word daarna gestreef om gehoorsaming van die reg sover moontlik op die (etiese en geloofs-) oortuiging van die gemeenskap te fundeer (vgl. Van Zyl en Van der Vyver, 1982:111). Dit sê egter nie meteen dat hierdie antesipasie ontbreek nie.

Du Plessis (1978:576) se tweede beswaar naamlik dat die etiese aspek an sich nie die reg kan verbeter nie, is nader aan die kol. Hierdie aspek (waaraan hieronder aandag geskenk sal word) illustreer die behoefte aan die erkenning van 'n skeppingsorde aan die hand waarvan die bestaande reg getoets kan word. In hierdie verband gee Stoker se erkenning van die ontiese reg ons rigtende leiding.

(iii) Die rol van die histories-analogiese momente by die verwerkliking van die regsidee word uit 'n ideële, behorensnormatiewe oogpunt beskou geheel en al oorskat as gevolg van die besondere (in beginsel konstitutiewe) normatiwiteit wat Dooyeweerd aan die transendentale idee van die historie toeken (Du Plessis, 1978:596).

Volgens Du Plessis (1978:584) het Dooyeweerd in sy (oor-) ywer om historiese oordele a-neutraal te verklaar die moontlikheid vir die bestaan van 'n "slegte" geskiedenis (in feite) geheel en al geïgnoreer. Dit wil voorkom asof nie die transendentaal-normatiewe (Oorsprongs-) idee van die geskiedenis (in sy rigting op die Begin van alle sin) Dooyeweerd se beskouing oor die regsidee inhoudelik vul nie, maar die historie in sy modaal-strukturele, kreatuurlike sin an sich.

Hierdie besware van Du Plessis dra beslis bewig; die vraag is of die historie (as modaliteit) an sich die funksies (ideëel) vervul wat Dooyeweerd daaraan toeken. Enkele ander Calvinistiese denkers wat probleme met Dooyeweerd se geskiedenisbeskouing ondervind het, was H.G. Stoker en L.J. du Plessis.

Wat die geskiedenis betref, is Stoker van mening dat dit nie modaal bepaal is nie maar dinamies. Sy argumente teen die historiese as modaliteit is die volgende:

(a) As sodanig is die historiese in verband met elke wetskring in dieselfde sin die historiese, en van modale fundering is hier geen sprake nie (vgl. Stoker, 1969:174 e.v.). Die historiese is dinamies bepaald en staan in sy verband tot die dimensie van gebeurtenisse as 't ware loodreg op die kosmiese dimensie van modaliteite. Dit is willekeurig om die historiese in die modale rangorde 'n plek te gee: dit kon net so goed voor of ná die logiese, linguale ensovoorts gekom het. L.J. du Plessis (1957:143) stel dit soos volg: "Dit is kunsmatig om die historiese erens tussen die modaliteite in te skuif en te sê dat in verband met die logiese (geskiedenis van denke) die historiese slegs retrosipasies bied, terwyl dit in verband met die taal antesipasies bied, hoewel die historiese in beide gevalle juis in dieselfde sin die historiese is".

(b)Daar bestaan ook 'n geskiedenis van die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture (biografieë, geskiedenis van volke, state ens.), en geskiedenis is hier geskiedenis in presies dieselfde sin as met betrekking tot die kosmiese dimensie van modaliteite (geskiedenis van denke, taal, kuns ens.) (Stoker, 1969:174 e.v.). Met ondersteuning van Stoker verklaar L.J. du Plessis (1957:143): "Die historiese staan dus as 't ware ook loodreg op die strukturele bepalings as sodanig in die kosmiese dimensie van individuele en sosiale strukture. Maar self verteenwoordig dit ook maar net 'n abstrakte dimensionele aspek. Die volle werklikheid van die mensheid, ook in sy dinamiek, is meer as histories. Anders sou ons in historisme verval".

L.J. du Plessis (1957:145) vervolg: "Maar sy (Dooyeweerd se) opvatting van die historikale as blote modaliteit laat sy beskouinge m.i. in die lug sweef. Hiermee kom ons egter tot 'n dieper kwessie, wat saamhang met die verskil tussen Dooyeweerd

en Stoker waarmee ek begin het. Sonder om nou Stoker se waarde-leer te aanvaar, lyk dit my tog in hierdie verband of Stoker grond het vir sy beswaar teen Dooyeweerd c.s. dat hulle die konkrete werklikheid dreig te vervlugtig tot funksies, modaliteite, sin, tipiese strukture, wette met subjekaspekte, ens., ens., en dat hulle die dinamiek en konkreetheid van die geskape werklikheid misken".

Stoker ondervang die oorbeklemtoning van die normatiewe aard van die historie deur dit fundamenteel as voortgang te tipeer (vgl. Stoker, 1969:228 e.v.). L.J. du Plessis (1957:145) voeg hieraan toe: "En beslis sou ek in die wetenskaplike behandeling van die geskiedenis nie beperk wil wees tot 'n modaliteitstudie nie, en ook nie tot die studie van enige modaal bepaalde samelewingsvorm soos bv. die staat nie, maar die studie moet gerig wees op die konkrete mensheid as geheel in die progressiewe vervulling van sy kultuurtaak.

(vi) Op die individueel-strukturele horison (dit is die niveau waarop die geregtigheidsidee sy konkrete verwesenliking in die samelewing vind) vervaag die grense tussen konstitutiwiteit en regulatiwiteit dermate dat die (objektief-strukturele) "wat is" en die (regulatief-ideële) "wat behoort te wees" nie meer behoorlik van mekaar onderskei (kan) word nie (Du Plessis, 1978:596). Du Plessis se argument is kortliks die volgende: Die juridiese bestemmingfunksie van die staat lei die staat tot die individueel-strukturele ontsluiting van 'n ideëel wenslike iustitia distributiva. Om egter st&aaa.t te kan wees moet 'n individualiteitstruktuur naas 'n historiese funderingsfunksie 'n juridiese bestemmingsfunksie vertoon. Ontsluiting en die gegewenheid van 'n juridiese bestemmingsfunksie is egter nie dieselfde nie: slegs 'n regverdige reg (-stelsel) in 'n staat sal hierdie ontslotenheid manifesteer. Maar dan is die ontsluiting nie met 'n antesipasie van die historiese funderingsfunksie van die staat na die

juridiese bestemmingsfunksie gegee nie maar met die ontsluiting van die regsaspek op die modale ervaringshorison. Omdat die heenwysing vanaf die historiese funderingsfunksie van die staat na sy juridiese bestemmingsfunksie in beginsel egter alreeds 'n antesipasie is (vgl. Dooyeweerd, 1952:31 vn. I.) vervaag die grens tussen die konstitutiewe (strukturele) stande van sake in die staatlike kring en die regulatiewe (behorensnormatiewe) realisering van die idee van 'n regverdige staatsbestel.

Aan hierdie kritiekpunt van Du Plessis moet gedeeltelik toegegee word. Die onderliggende rede vir die impasse waarin Dooyeweerd hom hier bevind, moet waarskynlik daaraan gewyt word dat Dooyeweerd 'n normatiewe orde behoef aan die hand waarvan die "behoort te wees" uitgemaak kan word. Die bestaan van so 'n orde kan egter nie aan die hand van ideële behorenseise an sich uitgemaak word nie. Vir die juris impliseer dit dat die behoefte aan die erkenning van 'n ideale orde bestaan aan die hand waarvan geregtigheidseise uitgemaak kan word. Om hierdie rede ontstaan die vraag of die Christelike wetenskap nie groter erkenning aan die bestaan van so 'n skeppingsorde moet gee nie.

### Die ontiese reg volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee

Volgens Stoker (1933:25) is die fundamentele Archimedespunt, die alomvattende eenheidsbepaling van die kosmos gegee in Genesis 1:1 : die kosmos is 'n skepping Gods, en God is die soewereine Skepper van die kosmos. Die skeppingsidee behoort volgens Stoker die omvattendste formele eenheidsbeskouing van die kosmos te kan gee. Met die skeppingsidee as Archimedespunt het ons, volgens Stoker (1933:26), 'n beginsel wat die kosmos in al sy aspekte, in sy volle alsydigheid omvat.

Volgens sy Woordopenbaring het God die aarde in die begin goed geskep. Stoker (1970a:236) noem dit die orde van die skepping. In ons bedeling is die mens egter sondaar, die wêreld vol van kwaad. Met die soendood van Christus word die mens in beginsel van sonde verlos en die kosmos herskep, iets wat egter eers in die volheid van die tyd tot volle

verwesenliking kom. Hierdie orde word deur Stoker (1970:236) die orde van die sondeval en verlossing - of meer in die algemeen die orde van sonde en kwaad en van verlossing en herskepping - genoem. Die tweede orde (dié van sonde en kwaad) het nie die eerste orde vernietig nie maar dit wel geskend en verskeur; want die mens het byvoorbeeld nieteenstaande die sondeval tog nog mens gebly en geen duiwel of dier geword nie; menslike kenne het nieteenstaande die verduistering deur die sonde bewerkstellig, tog nog kenne gebly (Stoker, 1970a:236). So het ook die reg rég gebly en nie denke of kenne geword nie.

Onder die orde van die skepping verstaan Stoker (1970a:236) die skepping (of kosmos) soos die geskep is en nou nog bestaan en deur God in stand gehou word, m.a.w. die skepping in ons bedeling en wel met relevante afsien van sonde en kwaad en die uitwerking daarvan.

As ons nou die grondvraag van die wysbegeerte moet beantwoord, moet ons met die orde van skepping (d.w.s. afgesien van sonde en kwaad) begin. Eers daarna mag ons op sonde en kwaad (waaronder onreg) let. Die begin met die eerste orde beteken nie die uitskakeling van die tweede orde nie; dit beteken slegs dat die ondersoek van die tweede orde in die lig van ondersoek van die eerste orde sal geskied (Stoker, 1970a:238). Stoker aanvaar ook die stelling dat die normale nie vanuit die abnormale nie maar die abnormale vanuit die normale verstaan moet word.

Stoker (1970a:272) se kritiek teen Dooyeweerd behels die feit dat Dooyeweerd met die orde van sonde (en kwaad) en verlossing (en herskepping) begin, terwyl die Calvinistiese wysgeer met die orde van die skepping moet begin. Met sy regsfilosofie handhaaf Dooyeweerd byvoorbeeld dat die swaardmag vir die staat 'n sine qua non is. Dit vereis die sonde wat beteuel moet word.

Volgens Stoker (1970a:236,237) is dit by benadering moontlik om die kosmos van ons bedeling volgens die orde van skepping te leer ken, eerstens omdat, nieteenstaande sonde en kwaad en die uitwerking daarvan, die kosmos nog kosmos gebly het en in die tweede plek omdat die lig van God se Woordopenbaring dit moontlik maak.

In sy kosmologiese uitgangspunte onderskryf Stoker op enkele nuanseverskille ná, grootliks Dooyeweerd se uitgangspunte (vgl. Stoker 1970a:259-330). In sy modaliteitsleer onderskei Stoker (1970a:284) byvoorbeeld twaalf modale kringe. Saam met Dooyeweerd handhaaf Stoker ook dat ander ondersoekings volgens die kosmiese dimensie van modaliteite moontlik is. In hierdie verband noem Stoker as voorbeeld die leer van modale restriksie en ontsluiting soos deur die Wysbegeerte van die Wetsidee ontwikkel.

Positiewe reg en ontiese reg

Volgens Stoker (1967:113) word die reg wat deur die mens gevorm word, positiewe reg genoem. Die positiewe reg (dit wil se die reg wat deur die mens gevorm is) behoort egter aan die Goddelike, normatiewe wetsorde asook aan 'n ander "dieper reg" te beantwoord. Die "dieper reg" noem Stoker (1967:114) nie "natuurreg" nie, omdat die woord natuurreg veelsinnig is en veral omdat dit humanisties opgevat word. Onder ontiese reg verstaan Stoker (1967:114) iets anders as wat Dooyeweerd met regsbeginsels en die regsidee beoog het.

Die rede vir Stoker se erkenning van die ontiese reg is die volgende: met die vorming van die positiewe reg (i) vorm die mens nie altyd die reg goed nie en (ii) vorm die mens dikwels ook skynreg. Die eersgenoemde probleem skryf Stoker bloot aan die menslike onvolmaaktheid en gebrekkigheid toe, maar ten opsigte van laasgenoemde probleem meen hy dat mens die bestaan van 'n dieper (goeie of ware) reg moet aanvaar, waaraan die positiewe reg dan gemeet kan word (Stoker 1970a:9). Hierdie dieper reg noem Stoker (1970b:10) ontiese reg, omdat "dit met die syn of bestaan van die mens gegee is, 'n synde is en dus bestaan". Volgens Stoker is die ontiese reg te onderskei in menseregte, regsnorme en 'n regsorde.

Stoker wil die hele aangeleentheid van die reg in die lig van die motief van skepping, sondeval en verlossing benader. Deur die reg in die lig van die orde van die skepping te benader doen hy dit ook in die lig van

die feit dat daar nog reg is wat rég gebly het, die sondeval ten spyt (Stoker, 1970b:11).:

Sowel by die orde van die skepping as by die orde van verskeurdheid tref ons, volgens Stoker (1970b:12) die onderskeid van menseregte, regsnorme en die orde van die reg asook die onderskeid van ontiese en positiewe reg aan.

Hierby sluit Stoker se geskiedenisbeskouing aan; die geskape kosmos het 'n vaste en 'n dinamiese kant. Onder die "vaste" verstaan ons nie die "statiese" nie maar die wesentlike. Ook reg is dinamies (het deel aan die geskiedenis) maar bly as reg rég, dit wil sê vas, en verander nie in byvoorbeeld denke of ekonomie of die sedelike of wat ook al nie. Die mens is immers van sy oorsprong af onder andere 'n "juridiese wese"; menslike reg behoort fundamenteel en wesenlik tot die mens se aard. Die mens is ook vanaf sy oorsprong 'n historiese, 'n geskiedenisvormende wese, en as sodanig het ook die mens se regsvorming aan die geskiedenis deel - nie net die positiewe nie maar ook die ontiese reg (Stoker, 1970b:12). Verdedigers van "natuurreg" handhaaf meestal dat "natuurreg" vir alle plekke en tye dieselfde is, met ander woorde dat dit nie aan die geskiedenis deel het nie. Dat ontiese reg 'n vaste kant het, onderskryf Stoker (1970b:12) ook. Syns insiens het die ontiese reg ook 'n dinamiese (historiese) kant. So het byvoorbeeld 'n suigeling as mens dieselfde ontiese regte as die volwassene; maar tog verskil die ontiese reg van beide vir sover die suigeling tot volwassene ontwikkel. Waar die vaste ontiese reg sy oorsprong in die skeppingswil van God vind, dit wil sê met die skepping van die mens gegee is, staan die geskiedenis van die ontiese reg onder die leiding en bestiering van God (Stoker, 1970b:12). Dit maak 'n verskil by die ondersoek van die reg of 'n ontiese reg naas 'n positiewe reg erken word én of gemeen word dat die ontiese reg nie net vas is nie maar ook 'n geskiedenis het al dan nie (Stoker, 1970b:13).

Ons tref, volgens Stoker, die onderskeid van menseregte, regsnorme en die regsorde, van ontiese en positiewe reg en van die orde van skepping

en dié van verskeurdheid by sowel die vaste as by die dinamiese (historiese) kante van menslike reg aan en vice versa (Stoker, 1970b:13).

Benewens hierdie onderskeidinge erken Stoker (1970b:13) die volgende: dié tussen subjektiewe en objektiewe reg, reg volgens die onderskeie kosmiese dimensies en reg volgens die modaliteite- (of wetskring-) leer van die Wysbegeerte van die Wetsidee (Dooyeweerd) met sy sinkern, antesipasies en retrosipasies asook sy regsbegrip en regsidee. Die volgende is hier van besondere belang:

(i) Al hierdie onderskeidinge moet volgens Stoker volgens sowel die orde van die skepping as die orde van verskeurdheid en herskepping beskou word. In hierdie verband moet die kritiek teen Dooyeweerd se benadering vanaf die orde van die sondeval as baie belangrik beskou word. Waar Dooyeweerd met sy regsidee (wat ook in sonde geval het) opereer, lees hy té veel normatiwiteit by die historiese in om, aan die hand van die regsideële behore, waardeoordele te vel. Dit lei finaliter daartoe dat Dooyeweerd die erkenning van 'n "slegte" geskiedenis ooglopend in 'n groot mate buite rekening laat.

(ii) Volgens Dooyeweerd se regsisteem kan die invloed van die sonde nie tot sy volle reg kom nie. In hierdie opsig is Stoker se erkenning van die orde volgens die skepping en die daartoe behorende ontiese reg van groot waarde. Die regsbeskouing van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee kan beter reg laat geskied aan die insig in en begrip van die menslike onreg en die daarmee samehangende ampskending van die mens (vgl. Stoker, 1970b:65 e.v.).

(iii) Deur te vra na die wesensaard van die reg is Stoker beter in staat om van die bestaan van skynreg rekenskap te gee. Hiertoe is Stoker in staat deur na die aard van die reg volgens die orde van die skepping te vra. Deur só te vra gee Stoker blyke dat sy ombouing van Dooyeweerd se wysgerige sisteem ook positiewe implikasies vir die regsgeleerde inhou. Die belangrikste hiervan is dat Dooyeweerd se klem op die regsbegrip en die regsidee nie voldoende is vir 'n ondersoek na die aard van onreg en skynreg en

die implikasies daarvan nie; hiervoor word ook die erkenning van 'n skeppingsorde vereis. Deur die erkenning van 'n skeppingsorde (afgesien van 'n orde volgens die sondeval) word ook 'n vertrekpunt gebied van waaruit die aard en die rol van die reg metodologies juister benader kan word. Ook die vraag na geregtigheid en regverdigheid kan aan die hand hiervan benader word. Aan die hand hiervan onderskei Stoker tussen "geregtigheid" as 'n algemene eis volgens wat Calvyn die orde van skepping noem, aangesien dit vir die mens in sy kreatuurlikheid as sodanig geld, en "regverdigheid" as 'n algemene eis volgens wat Calvyn die orde van sondeval en verlossing noem, omdat dit vir die in sonde gevalle mens geld (Stoker, 1967:118).

BIBLIOGRAFIE


1. DOOYEWEERD, H. 1952. De modale structuur van het juridsch oorzakelijkheidsverband. 2de uitgawe. Amsterdam : N.V. Uitgewers Maatschappij.

2. DOOYEWEERD, H. 1960. Van Peursen's critische vragen bij "A new critique of theoretical thought". Philosophia Reformata, 25: 97-150.

3. DOOYEWEERD, H. 1969. Encyclopaedie der rechtswetenschap. Amsterdam : David.

4. DU PLESSIS, L.J. 1957. Enkele gedagtes oor die Calvinistiese sosiologie en geskiedenisfilosofie. Koers, 24:137.

5. DU PLESSIS, L.M. 1978. Die juridiese relevansie van Christelike geregtigheid. (Ongepubliseerde proefskrif. Potchefstroom : PU vir CHO.)

6. DU TOIT, D.C. 1975. Die aequitas en regulatiewe regsbeginsels Op al sy akkers, 81-100. Bloemfontein : Sacum Beperk.

7. HOMMES, H.J. (Van Eikema). 1961. Een nieuwe herleving van het natuurrecht. Zwolle : N.V. Uitgeversmaatschappij.

8. STOKER H.G. 1933. Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee. Pretoria : De Bussy.

9. STOKER, H.G. 1967. Oorsprong en rigting, band I. Kaapstad: Tafelberg.

10. STOKER, H.G. 1969. Beginsels en metodes in die wetenskap. Johannesburg : De Jong.

11. STOKER, H.G. 1970a : Oorsprong en rigting, band II. Kaapstad : Tafelberg.

12. STOKER, H.G. 1970b: Die aard en die rol van die reg: 'n wysgerige besinning. Johannesburg: Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit A36.

13. VAN PEURSEN, C.A. 1959: Enkele critische vragen in margine bij 'A new critique of theoretical thought'. Philosophia Reformata, 24:164

14. VAN ZYL, F.J. en VAN DER VYVER, J.D. 1982: Inleiding tot die regswetenskap. Durban : Butterworth.